Tema: Wanneer jy moeg en moedeloos word, laat die Here jou op Hom fokus! Kyk wie Hy is en wat Hy doen en skep moed vir jou lewenstaak!

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 118-2: 1, 2, 4
Ps. 97-2: 1, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 169: 1, 2
Votum
Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind, laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofsange, want die Here is die magtige God, die groot koning oor al die gode.
Seën
Loflied Sb 2-2: 1, 2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels: almal bely hardop saam

Verootmoedigingsdiens
Wet: Fokus op eerste tafel: Lees Deut. 5: 1 – 15
Sing Sb 9-1: 1, 2, 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Konings 19 Teks: 1 Konings 19: 11 - 13 en 15 - 18
Sing Lied 163: 1
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Lied 588: 1, 3
Seën
Amenlied Sb 13- 2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons leef in ’n wêreld wat geweldig baie van ons vereis. Daar word van ’n mens verwag om op alle vlakke en terreine van die lewe te presteer. Jy moet ’n goeie ouer wees, ’n goeie huweliksmaat’ ’n goeie vriend of vriendin en ’n goeie werknemer of werkgewer. Verder moet jy ’n goeie lidmaat en landsburger wees wat op alle terreine jou kant bring.

Ons kinders ervaar ook hierdie druk! Hulle moet voorbeeldige kinders wees, goeie leerders en goeie sportmanne wat op alle terreine die beste moet lewer. Almal stel vereistes en het hoë verwagtinge. En die meeste van ons wil graag aan al die eise beantwoord.

In so ’n leefwêreld is dit onvermydelik dat iemand eendag sal voel dat alles vir hom of haar te veel word. Dat jy net nie meer aan al die eise kan voldoen nie. Daar is eenvoudig te veel wat jy nie kan doen of wat jy nie kan bereik nie. Dit laat jou verval in ’n gemoedstoestand van neerslagtigheid of bedruktheid. Dat jy naderhand met die wêreld en sy mense niks te doen hê nie en onttrek jouself van alles en almal. Jy is eenvoudig lus vir niks in jou lewe nie. .

En wanneer ’n mens so voel, dan voel jy ook nog skuldig teenoor die Here! Jy sê vir jouself: ’n gelowige mag nie so voel nie! Ek moet mos op die Here vertrou en ek moet mos weet dat alles weer gaan regkom! Ek is mos nou maar eintlik net ’n swakkeling!
Brs. en srs., daar sal min mense wees wat sal sê dat die profeet Elia ’n swakkeling was. Hy was seker een van die grootste profete van die Ou Testament! Gaan lees maar in die vorige hoofstuk hoe die Here groot wonderwerke deur hom gedoen het! God het selfs ’n kind uit die dood deur Elia opgewek! Elia het ’n geweldige stryd teen die afgodsdiens van sy tyd gevoer! In sy tyd het die volk baie erg van die Here weggedwaal en die afgod Baal aanbid! Ons lees in die vorige hoofstukke hoe hy man alleen die koning, die volk en die Baalprofete uitdaag en hoe God wonderwerke deur Elia verrig.

En tog, enkele dae na hierdie wonderlike ervaring vind ons Elia hier onder die besembos in die woestyn – moedeloos en moeg vir die lewe! Dit het dus niks te doen met ’n swak geloof of swak persoonlikheid nie. Hierdie gevoel van neerslagtigheid en moedeloosheid kan enige mens tref – ook gelowiges! Daarom wil die Here vir ons met hierdie geskiedenis leer dat Hy baie begrip het vir iemand wat so voel, dat Hy so ’n mens liefhet en wil help..

Ons kan die tema van die prediking so saamvat:
Wanneer jy moeg en moedeloos word, laat die Here jou op Hom fokus! Kyk wie Hy is en wat Hy doen en skep moed vir jou lewenstaak!

Br. en sr, kyk net hoe liefdevol begelei die Here vir Elia! Hy gaan haal hom uit onder die besembos, Hy stap met hom ʼn pad deur hierdie woestyntyd in sy lewe en die Here laat Elia weer op Hom as sy God fokus!

Want hoekom is Elia hier? Hy het sy fokus op God verloor! Hy het vergeet wie God is die oomblik toe hy bedreig word! Ons lees in hf 18 hoe die Here Elia na die koning stuur om vir hom te sê dat die Here die droogte van drie jaar gaan verbreek nadat Hy aan die volk gewys het wie waarlik God is. Dan volg die gebeure op Karmel wat vir Elia ʼn ongelooflike geestelike ervaring moes wees. Hoe dat God hom gebruik om sy volk te oortuig dat Hy die enigste ware God is. Daarna moet Elia bid en dan stuur die Here reën in direkte antwoord op sy gebede. Ons lees in hf. 18: 46 hoe die mag van die Here vir Elia in besit neem en hy – na die dag se gebeure - voor die koning se wa hardloop.

Elia het seker gedink dat die volk nou na hom sal luister en die Here sal dien! Maar in plaas van gehoorsaamheid kry hy ʼn doodsdreigement! Toe die ongelowige Isébel –die koning se vrou – hoor van al die gebeure, stuur sy vir Elia ʼn wraakboodskap dat sy hom gaan doodmaak. Br. en sr. ʼn mens sou dink dat Elia, wat God se krag en mag enkele dae gelede nog so persoonlik beleef het, hierdie dreigement so aflag en hom na die Here sou wend. Maar net die teendeel gebeur. Hy word bang en hy vlug. Hy vlug die woestyn in en gaan lê met doodsgedagtes onder ʼn besembos.

Hoekom? Behalwe die vrees vir sy lewe was Elia ook ʼn bietjie teleurgesteld in die Here. Hy het gedink dat die Karmelgebeure alle teëstand sou uitwis en hier laat die Here dit toe dat Isebel hom bedreig. Was dit alles dan die moeite werd? - het hy gedink. Hierdie teleurstelling het hom oorweldig! Hy verloor sy fokus op die Here en kyk net vas teen die bedreiginge! Hy fokus op homself en die “mislukking” wat hy beleef en dit maak hom terneergedruk!

Geliefdes, die Here verstaan dit. Die Here weet dat ons net mense is wat nie op ons eie krag kan staatmaak nie! As Elia sê: “ek is nie beter as my voorvaders nie” dan bedoel hy daarmee presies wat God in Jakobus 5 van hom sê: Elia was ʼn mens net soos ons! En mense word moeg en moedeloos. Ons kan nie uit eie krag die stryd van die lewe stry nie!

En daarom ondersteun die Here vir Elia. Soos sovele ander kere, sorg die Here vir Hom in die woestyn. As dit nie kraaie is wat vir hom kos bring nie, dan ʼn engel van die Here. Want Elia moet rus en eet. Die Here ontferm hom oor sy kind – en versorg hom. Wat ʼn groot troos vir ons as gelowiges - die wete – die Here verstaan en Hy help.

Maar die Here doen nog meer. Hy loop ʼn pad met Elia. Hy wil Elia bring tot ʼn persoonlike ontmoeting met die Here. Elia moet weer op God fokus! En daarom lei

die Here hom na die berg Horeb in die Sinai woestyn. Horeb: waar die Here die Wet aan Moses gegee het en ook persoonlik aan Moses verskyn het.

Br. en sr., hoekom Horeb? Horeb versimboliseer die knooppunt tussen God en mens. Dit versimboliseer God se intieme bemoeienis met sy volk. Horeb is die berg van die verbond! Dit herinner aan alles wat God doen om sy volk te lei en te red! Daarom wys Horeb na Christus, ons Verlosser. God ontmoet elke mens, en in besonder elke moedelose mens – in sy Seun Jesus Christus. Lees maar Heb. 12 wat sê dat ons nie by die berg Horeb gekom het nie, maar by die lewende God, by Jesus Christus wat ons lewe is.

In Christus is daar vir ons genade, liefde en ontferming. Ook vir die moeë en moedeloses! Was dit nie Jesus wat gesê het: almal wat vermoeid en belas is, kom na my toe nie!? Horeb is die belofte dat God kan doen wat mense nie kan nie! Dat God in Christus die volk na Hom sou teruglei en dat Christus self mense se geloof in stand sou hou deur sy Gees. Dit is waarvoor Horeb staan daarom moet Elia na Horeb. Want daar sal die Here hom ontmoet en sy fokus herstel.

En kyk net hoe besonders is hierdie ontmoeting. Die wyse waarop die Here hom aan Elia openbaar wys God se begrip en bystand. Elia gaan slaap in ŉ grot. Simbolies van die emosionele donkerte en koue van sy toestand en dan roep die Here hom uit. “Elia, wat maak jy hier?” Die Here laat hom praat en Elia openbaar die rede vir sy moedeloosheid – ek het gedink alles gaan na Karmel verander, maar niks het verander nie en ek het alleen oorgebly! Ons moet ons hart teenoor die Here uitstort! Ons moet dit wat ons moeg en moedeloos maak voor God neerlê- dit is mos wat Jesus se woorde beteken!

En na die gesprek: die kragtige Godsopenbaring! Eers die sterk wind wat die berg skud en die rotse laat breek. Dan ŉ aardbewing en dan die vuur! Alles simbole van God se krag en mag. Ja, ook van God se oordeel oor die sonde! Was dit nie juis toe die Here hier aan die volk verskyn het dat Hy gesê het die volk nie naby die berg mag kom nie want God is heilig en Hy straf sonde!

Elia, die Here sal die sonde van die volk straf! God het jou nie in die steek gelaat nie! Alles is nie verlore nie! Agab en Isebel en die goddelose volk is nie in beheer nie! Hoekom het jy gedink dat Isebel sterker as God is? Kyk! Die magtige God in wind, aardbewing en vuur – dit is God wat sonde straf!

Maar Elia, God is ook ŉ God van genade! Hy is ook ŉ fluistering in die stilte! En die oomblik toe Elia dit hoor, kom hy uit die grot om God in sy genade te ontmoet! Die sagte woord! God se genade vir moeë en moedelose mense! Hier waar Elia alleen en eensaam is, daar waar hy homself onttrek van die samelewing en alleen wil wees – daar ontmoet die Here hom in sy stilte.

Geliefde gemeente, wat ’n liefdevolle God! Wat ’n wonderlike vertroostende wete – dat God jou in jou moeg en moedeloosheid kom ontmoet met sy Woord! Die fluistering in die windstilte! As jy dus ook soms die gevoelens ervaar van terneergedruktheid, moedeloosheid, geen hoop en geen krag nie en jou fokus verloor – weet dan – br. en sr. Ook daar sal jy God ook ontmoet. Hy sal nie alleen laat nie. In die stilte, en met stilte – sal jou Vader jou roep.

Want toe Elia die stilte hoor, het hy geweet God is daar en het hy uit die grot gekom. God versterk jou, gaan haal jou met sy teenwoordigheid – dikwels op die mees onverwagte plekke en onverwagte wyses. Met hierdie openbaring wou die Here Elia versterk, hom krag en moed gee. Elia het dit ook ontvang – want hy kon uitkom en die Here – weliswaar – van onder sy bedekte mantel – van aangesig tot aangesig ontmoet.

En nou was Elia gereed vir sy pad van herstel. Sy fokus was nou weer op God - in sy volle heerlikheid! Die God wat sonde straf, maar ook die God van genade aan sy kinders betoon! Die God wat in beheer bly en jou as instrument in sy hand wil gebruik! Daarom weer die vraag: Elia, wat soek jy hier? Jy moet jou werk gaan doen! Noudat jy my weer in my volle krag en genade ontmoet het – nou kan jy weer jou werk gaan doen!

Sy werk om God se oordeel in beweging te bring, maar ook sy werk om God se genade te verkondig! Daarom die opdrag op twee konings te gaan salf! Twee konings wat God sou gebruik om Agab en Isebel en die volk te straf!
Maar ook ’n opdrag om God se woord van genade te laat voortgaan: gaan stel vir Elisa as jou opvolger aan! Elia, die werk van genade sal nie met jou ophou nie, Elia, Elisa moet dit voortsit! Want – anders was wat jy gedink het, is daar nog 7000 ander gelowiges in Israel wat God se Woord nodig het – aan wie die oordeel en genade van God verkondig moet word!

Elia, het jy gedink alles is verby! Ja, dit sou wees as jy dit in jou eie krag moes doen! Maar jy kan nie! MAAR GOD KAN! Dit is waarom God ons in Christus ontmoet en God self sorg vir die straf op ons sonde – die wind en die vuur en die aardbewing – ook daar die dag op Golgota! Want die mens kan nie self die sonde oorwin nie! God moet dit doen! En in Christus het God vir ons gedoen!

Maar ook die God van genade – die God van sy Woord! Ja, selfs net ’n fluistering in die wind! Die woord van genade, krag en bemoediging sodat ons deur die Heilige Gees versterk kan word en weer kan voortgaan met ons lewensroeping!

Geliefdes, dit is wat God vanmore ook aan ons doen! Wanneer jy moeg en moedeloos word, dan laat die Here jou weer op Hom fokus! Kyk net wie is God en wat doen Hy! Hy is die God wat nie sal toelaat dat alles in mensehande verval en dat mense sy werk verwoes nie! Ook nie vandag nie! Ook nie in jou lewe nie!

Hy sal optree en straf waar daar gestraf moet word! Maar Hy is ook ŉ God van genade wat wil hê dat die verkondiging van sy Woord moet voortgaan sodat almal kan hoor van die genade en die oorwinning wat daar in Christus is!

Daarom bemoedig God ons ook vanmore! Hy gee ook aan ons weer opnuut sy opdrag! Gaan voort met jou lewensroeping! Doen elke dag wat jy moet doen – maar onthou – dit is God wat werk! Fokus op Hom en onthou Wie Hy is! Met jou oë op Hom gevestig sal jy die krag ontvang om jou lewensroeping voort te sit.

Amen